On completion of this module the student should be able to demonstrate*:*

- detailed knowledge and understanding of the definition, classification, purpose and types of structures;
- the ability to identify and effectively apply knowledge about:
  - the nature, properties and usage of different structural members to strengthen structures,
  - all construction materials and its properties, as well as how the type of forces therein affects structures;
- basic knowledge of the Occupational Health and Safety Act as applicable to the Civil Technology workshop and built environment;
- adequate knowledge of all hand tools, power tools and fixed machinery found in the Civil Technology field, and its correct maintenance and uses;
- basic knowledge of cost and calculations for small civil projects;
- the ability to accurately and coherently communicate in written and verbal form while working as part of a group during a problem solving task (bridge building); and
- implementation of subject-didactic knowledge and skills with regard to Civil Technology (structures component)

By voltooiing van hierdie module behoort die student die volgende te kan demonstreer:

- *grondige kennis en begrip aangaande die omskrywing, klassifikasie, doelstellings en struktuurtipes;*
- *die vermoë om kennis aangaande die volgende te kan identifiseer en doeltreffendte kan toepas:*
  - *die aard, eienskappe en gebruik van verskillende strukturele dele om strukture te versterk,*
  - *alle konstruksiemateriaal en eienskappe daarvan, sowel as die kragte daarbinne wat ŉ uitwerking op strukture het;*
- *basiese kennis van die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid, soos van toepassing op die Siviele Tegnologiewerkswinkel en die beboude omgewing;*
- *voldoende kennis van alle handgereedskap, kraggereedskap en vaste masjinerie wat in die Siviele Tegnologieveld voorkom, asook die korrekte onderhoud en gebruik daarvan;*
- *basiese kennis van kosteberekenings vir klein siviele projekte;*
- *die vermoë om akkuraat en samehangend, skriftelik en mondelings, as deel van ŉ groep, tydens ŉ probleemoplossingstaak, te kan kommunikeer (brugbou); en*
- *implementering van vakdidaktiese kennis en vaardighede aangaande Siviele Tegnologie (struktuurkomponent).*

Method of delivery: Contact
Metode van aflewering: Kontak

Methods of assessment: Continuous assessment 50% and 1x2 hour written examination 50%

Assesseringsmetodes:	*Deurlopende assessering 50% en 1x2 uur skriftelike eksamen 50%*

Module code / *Modulekode*: **FETE121**	Semester 2	NQF-level / *NKR-vlak*: 5

Title: Electrical Technology: Electric Current Theory
Titel: Elektriese Tegnologie: Elektriese Stroomteorie

On completion of this module the student should be able to demonstrate*:*

- knowledge with regard to the general field of the electrical engineering industry and specific insight into those aspects that are applicable to electrical technology as a school subject in the GET phase;
- ability to explain, evaluate and apply relevant formulas and calculations in a practical manner in order to solve contextualised electrical engineering problems relevant to the prescribed curriculum in the GET phase;
- ability to behave in an ethically accountable manner in the work place and also contribute to a safe work environment;
- knowledge of and adhere to accountable behaviour in accordance with prescribed procedures and measures that promote safety and reduce possible risk of injury within the context of electrical technology as a school subject within the GET phase; and
- ability to select and apply appropriate and subject specific teaching methodologies and strategies related to electrical technology in the GET phase.

By voltooiing van hierdie module behoort die student die volgende te kan demonstreer:

- *kennis aangaande die algemene veld van die elektriese ingenieursindustrie, asook spesifieke insig in aspekte, soos toepaslik vir Elektriese Tegnologie as skoolvak in die AOO-fase, te kan demonstreer;*
- *vermoë om toepaslike formules en berekenings te kan evalueer, toepas en op praktiese wyse te kan verduidelik, ten einde gekontekstualiseerde elektriese ingenieursprobleme, soos van toepassing op die voorgeskrewe kurrikulum in die AOO-fase, te kan oplos;*
- *vermoë om op ŉ eties-verantwoordbare wyse in die werksplek te kan optree, asook om tot ŉ veilige werkskonteks te kan bydra;*
- *kennis aangaande en gehoorsaming aan verantwoordbare optrede, volgens voorgeskrewe prosedures en maatreëls wat veiligheid bevorder en moontlike beseringsrisiko verminder, binne die elektriese tegnologiekonteks as ŉ skoolvak in die AOO-fase, te kan demonstreer; en*
- *vermoë om toepaslike en vakspesifieke onderrigmetodologieë en -strategieë aangaande Elektriese Tegnologie in die AOO-fase te kan selekteer en toepas.*

Method of delivery: Contact
Metode van aflewering: Kontak

Methods of assessment:	Continuous assessment 50% and 1x2 hour written examination 50%
Assesseringsmetodes:	*Deurlopende assessering 50% en 1x2 uur skriftelike eksamen 50%*

Module code / *Modulekode*: **FETM111**	Semester 1	NQF-level / *NKR-vlak*: 5

Title: Engineering Technology for Teachers: Manufacturing and Joining
Titel: Ingenieurstegnologie vir Onderwysers: Vervaardiging en Hegting

On completion of this module the student should be able to demonstrate*:*

- knowledge of the interpretation and implementation of National Policy Statements;
- basic subject knowledge with regard to manufacturing and joining as required by the prescribed curriculum for the GET and FET phases;
- basic knowledge and application of problem and project solving skills and development of mathematical skills on calculations, applications and the technological process;
- the teaching and learning of knowledge and skills and problem solving skills, using the technological process;
- competency in the compilation and implementation of subject portfolios; and
- competency in the manner in which assignments are compiled and presented.

By voltooiing van hierdie module behoort die student die volgende te kan demonstreer:

- *kennis aangaande die interpretering en implementering van Nasionale Beleidsverklarings;*
- *basiese vakkennis aangaande vervaardiging en hegting, soos deur die voorgeskrewe kurrikulum vir die AOO- en VOO-fases vereis;*
- *basiese kennis en toepassing van probleem- en projekoplossingsvaardighede, asook die ontwikkeling van wiskundige vaardighede in berekenings, toepassings en die tegnologieproses;*
- *die onderrig en leer van kennis en probleemoplossingsvaardighede deur die tegnologieproses te kan gebruik;*
- *bevoegdheid tov die samestelling en implementering van vakportefeuljes; en*
- *bevoegdheid tov die wyse waarop opdragte saamgestel en aangebied word.*

Method of delivery: Contact
Metode van aflewering: Kontak

Methods of assessment:	Continuous assessment 50% and 1x2 hour written examination 50%
Assesseringsmetodes:	*Deurlopende assessering 50% en 1x2 uur skriftelike eksamen 50%*

Module code / *Modulekode*: **FETM121**	Semester 2	NQF-level / *NKR-vlak*: 6

Title: Mechanical Technology for Teachers: Mechanical Systems
Titel: Meganiese Tegnologie vir Onderwysers: Meganiese Stelsels

On completion of this module the student should be able to demonstrate*:*

- subject knowledge with regard to subject related key terms, concepts, facts and rules that specifically apply to the educational context of Mechanical Technology within the FET phase;
- knowledge of the interpretation and implementation of National Policy documents and the effective implementation of subject specific curriculum requirements such as developing and management of learner portfolios;
- a positive work ethic and appropriate behaviour that befits, enhances and develops the teaching profession and contributes to effectively teach Mechanical Technology while promoting acceptable social values and principles;
- being able to assess learners in reliable and varied ways and to utilise the assessment results to improve their teaching of Mechanical Technology presented at university level (basic research skills); and
- knowledge of presenting FET and GET technology subjects.

By voltooiing van hierdie module behoort die student die volgende te kan demonstreer:

- *vakkennis aangaande toepaslike sleutelbegrippe, konsepte, feite en reëls, soos spesifiek van toepassing op die onderwyskonteks van Meganiese Tegnologie in die VOO-fase;*
- *kennis aangaande die interpretering en implementering van Nasionale Beleidsdokumente, asook die doeltreffende implementering van vakspesifieke kurrikulumvereistes, soos die ontwikkeling en bestuur van leerderportefeuljes;*
- *die uitleef van ŉ positiewe werksetiek en toepaslike optrede wat by die onderwysprofessie pas, dit uitbou en ontwikkel en bydra tot die doeltreffende onderrig van Meganiese Tegnologie, asook die bevordering van aanvaarbare sosiale waardes en beginsels;*
- *die vermoë om leerders op betroubare en veelvoudige wyses te assesseer, asook om die assesseringsresultate te gebruik, ten einde hulle onderrig van Meganiese Tegnologie, soos op universiteitsvlak aangebied (navorsingsvaardighede), te kan verbeter; en*
- *kennis aangaande die aanbieding van VOO- en AOO-tegnologievakke.*

Method of delivery: Contact
Metode van aflewering: Kontak

Methods of assessment:	Continuous assessment 50% and 1x2 hour written examination 50%
Assesseringsmetodes:	*Deurlopende assessering 50% en 1x2 uur skriftelike eksamen 50%*

Module code / *Modulekode*: **FETP111**	Semester 1	NQF-level / *NKR-vlak*: 6

Title: Processing in Technology for Education
Titel: Verwerking in Tegnologie vir Onderwys

On completion of this module the student should be able to demonstrate:

- demonstrate detailed knowledge and understanding of the processing of materials as part of the technological process;
- select, evaluate and effectively apply knowledge about the nature and usage of different materials from a technological perspective;
- understand the ethical implications of decisions, actions and practices specifically relevant to the choice and design of packaging;
- analyse, evaluate and synthesise information about safety and (food) security and successfully apply conclusions to solve technological problems in society; and
- accurately and coherently communicate in written and verbal form while working independently or as part of a group.

By voltooiing van hierdie module behoort die student die volgende te kan demonstreer:

- *grondige kennis en begrip aangaande materiaalverwerking as deel van die tegnologieproses te kan demonstreer;*
- *kennis aangaande die aard en gebruik van verskillende materiale vanuit ŉ tegnologiese perspektief te kan selekteer, evalueer en toepas;*
- *die etiese implikasies van besluite, optrede en praktyke, spesifiek aangaande die keuse en ontwerp van verpakking, te kan begryp;*
- *inligting aangaande veiligheid en (voedsel) sekuriteit te kan analiseer, evalueer en sintetiseer, asook om bevindings ter oplossing van tegnologiese probleme in die samelewing te kan toepas; en*
- *akkuraat en samehangend, skriftelik en mondelings, onafhanklik of as deel van ŉ groep, te kan kommunikeer.*

Method of delivery: Contact
Metode van aflewering: Kontak

Methods of assessment:	Continuous assessment 50% and 1x2 hour written examination 50%
Assesseringsmetodes:	*Deurlopende assessering 50% en 1x2 uur skriftelike eksamen 50%*

Module code / *Modulekode*: **FETW211**	Semester 1	NQF-level / *NKR-vlak*: 6

Title: Engineering Technology for Teachers: Mechanical (Welding) Technology
Titel: Ingenieurstegnologie vir Onderwysers: Meganiese (Sweis-) Tegnologie

On completion of this module the student should be able to demonstrate*:*

- knowledge and insight regarding all contextual ideas and processes of safety measurements and good house holding in welding technology;

- the uses and maintenance of specific hand tools and machinery;
- ability to describe the construction, characteristics, treatment, protection and tests of different kinds of engineering materials;
- understanding of oxy-acetylene welding;
- correct terminology for all welding and theoretical exercises;
- ability to apply and demonstrate informed understanding of SI units and symbols, as well as SANS standards and the use of correct welding symbols in all diagrams and sketches, testing of joints;
- informed understanding of arc welding, make joints by using different kinds of joint techniques and inspect all joints visually;
- knowledge and accountable behaviour in accordance with prescribed procedures and measures that promote safety and reduce possible risk of personal injury and that of learners within the context of Mechanical Technology as a school subject in the GET and FET phase;
- an understanding of the technological manufacturing process as a means of problem solving to improve products that can enhance our quality of life; and
- ability to select and apply appropriate and subject specific teaching methodologies and strategies related to engineering technology and manufacturing and joining in the GET and FET phases.

By voltooiing van hierdie module behoort die student die volgende te kan demonstreer:

- *kennis en insig aangaande alle kontekstuele idees en prosesse van veiligheidsmaatreëls, asook goeie huishouding in Sweistegnologie;*
- *die gebruike en onderhoud van spesifieke handgereedskap en masjinerie;*
- *vermoë om die konstruksie, kenmerke, behandeling, beskerming en toetsing van verskillende tipes ingenieursmateriale te kan beskryf;*
- *begrip van oksi-asetileen sweiswerk;*
- *die korrekte terminologie vir alle sweis- en teoretiese oefeninge;*
- *grondige begrip aangaande S.I.-eenhede en simbole, sowel as SANB-standaarde en die gebruik van korrekte sweissimbole in alle diagramme en sketse, asook toetsing van hegtings;*
- *grondige begrip aangaande boogsweiswerk, en die maak van hegtings deur verskillende tipes hegtingstegnieke te kan gebruik, asook visuele inspeksie van alle hegtings;*
- *kennis aangaande en gehoorsaming aan verantwoordbare optrede, volgens voorgeskrewe prosedures en maatreëls wat veiligheid bevorder en moontlike beseringsrisiko verminder, binne die Meganiese Tegnologiekonteks as 'n skoolvak in die AOO- en VOO-fases;*
- *begrip aangaande die tegnologiese vervaardigingsproses as 'n wyse van probleemoplossing, ten einde produkte wat ons lewenskwaliteit kan verhoog, te kan verbeter; en*
- *vermoë om toepaslike en vakspesifieke onderrigmetodologieë en -strategieë aangaande vervaardiging en hegting in die AOO- en VOO-fases te kan selekteer en toepas.*

Method of delivery: Contact
Metode van aflewering: Kontak

Methods of assessment:	Continuous assessment 50% and 1x2 hour written examination 50%
Assesseringsmetodes:	*Deurlopende assessering 50% en 1x2 uur skriftelike eksamen 50%*

Module code / *Modulekode*: **GEOE112**	Semester 1	NQF-level / *NKR-vlak*: 5

Title: Geography Education: Physical, Economic and Population Background of Africa and the RSA
Titel: Geografie vir Onderwys: Fisiese-, Ekonomiese- en Bevolkingsagtergrond van Afrika en die RSA

On completion of this module the student should be able to demonstrate:

- informed understanding of the location, political distribution, physical characteristics and economic trends of Africa and the RSA;
- ability to perform correct geographical interpretations, analyses, evaluations and conclusions concerning the physical, economic and political aspects of the RSA and Africa;
- extended knowledge and comprehension of the general concepts in population geography: make correct analyses and meaningful interpretations within this area, as well as doing the recognition, explanation and evaluation of inter-relations between topographical, climatological and man-made phenomena in the RSA;
- ability to evaluate developing economies in Africa, demonstrate insight and comprehension concerning the problems of African countries and also evaluate these problems within the frame of his/her own worldview;
- ability to apply gained knowledge with an ethically responsible attitude towards Africa/South Africa and its people; and
- ability to plan a geography lesson in accordance with the correct criteria, demonstrating the ability to integrate subject knowledge with subject methodology.

Practical section:

- Map work skills and presentation techniques: fundamental knowledge, skills, comprehension, insight of map work skills and techniques, cartography and presentation techniques as well as the application thereof in practice.

Methodology:

- ability to interpret the Geography CAPS document;
- competency to plan and present elementary Geography lessons; and
- competency to appropriately use an atlas, mind maps, newspapers, and debates as teaching and learning support material in active self-directed learning experiences.

By voltooiing van hierdie module behoort die student die volgende te kan demonstreer:

- *ingeligte begrip van die ligging, politieke verspreiding, fisiese eienskappe en ekonomiese tendense van Afrika en die RSA;*

- *die vermoë om korrekte geografiese interpretasies, ontledings, evaluerings en gevolgtrekkings oor die fisiese-, ekonomiese- en politieke aspekte van die RSA en Afrika uit te voer;*
- *uitgebreide kennis en begrip van die algemene begrippe in bevolkingsgeografie: maak korrekte ontledings en sinvolle interpretasies binne hierdie gebied, asook die erkenning, verduideliking en evaluering van interverwantskappe tussen topografiese, klimatologiese en mensgemaakte verskynsels in die RSA;*
- *vermoë om ontwikkelende ekonomieë in Afrika te evalueer, insig en begrip te demonstreer rakende die probleme van Afrika-lande en ook hierdie probleme binne die raamwerk van sy/haar eie wêreldbeskouing te evalueer;*
- *vermoë om kennis op te doen met 'n eties-verantwoordelike houding teenoor Afrika/Suid-Afrika en sy mense; en*
- *vermoë om 'n Geografie-les te beplan ooreenkomstig die korrekte kriteria, wat die vermoë demonstreer om vakkennis met vakmetodologie te integreer.*

Praktiese Afdeling:

- *Karteringsvaardighede en aanbiedingstegnieke: fundamentele kennis, vaardighede, begrip, insig van karteringsvaardighede en -tegnieke, kartografie en aanbiedingstegnieke asook die toepassing daarvan in die praktyk.*

Metodologie:

- *vermoë om die Geografie-KABV-dokument te interpreteer;*
- *bevoegdheid om elementêre Geografie-lesse te beplan en aan te bied; en*
- *bevoegdheid om 'n atlas, breinkaarte, koerante en debatte toepaslik te gebruik as onderrig en leerondersteuningsmateriaal in aktiewe selfgerigte leerervarings.*

Method of delivery: Contact, Distance
Metode van aflewering: Kontak, Afstand

Methods of assessment:	Continuous assessment 50% and 1x3 hour written examination 50%
Assesseringsmetodes:	*Deurlopende assessering 50% en 1x3 uur skriftelike eksamen 50%*

Module code / *Modulekode*: **GEOE122**	Semester 2	NQF-level / *NKR-vlak*: 6

Title: Geography Education: Planetary Geography, and Climatology
Titel: Geografie vir Onderwys: Planetêre Geografie en Klimatologie

On completion of this module the student should be able to demonstrate*:*

- detailed knowledge and thorough understanding of planetary geography and climatology that is required within the context of the Curriculum and Assessment Policy Statement;
- the skill of scrutinizing and critically discuss theories of the origin of the universe;
- ability to explain and discuss the movements of the planets, earth and moon and its effects in the solar system;
- ability to critically analyse the origin of the earth's atmosphere as well as the evolution of the modern atmosphere;
- ability to understand and explain the concepts weather and climate ;
- ability to apply gained knowledge with an ethically responsible attitude towards the environment
- detailed knowledge of moisture and circulation in the atmosphere and an ability to apply key terms, concepts, facts, principles, rules and theories.

Practical section:

- explain and interpret the collection and presentation of weather information on synoptic maps and solving of weather phenomena.

Methodology:

- planning of a basic Geography lesson with reference to the use of suitable educational media, to optimize teaching and learning e.g. overhead projector, transparencies, data projector, posters and models.

By voltooiing van hierdie module behoort die student die volgende te kan demonstreer:

- *grondige kennis en deeglike begrip aangaande planetêre geografie en klimatologie, soos vereis binne die konteks van die Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring;*
- *die vaardigheid om teorieë oor die ontstaan van die heelal te kan ondersoek en krities te kan bespreek;*
- *die beweging van die planete, aarde en maan, asook die uitwerking daarvan op die sonnestelsel te kan verduidelik en bespreek;*
- *die oorsprong van die aarde se atmosfeer, sowel as die evolusie van die moderne atmosfeer krities te kan analiseer;*
- *weer en klimaat konsepte te kan begryp en verduidelik;*
- *vermoë om verworwe kennis met 'n eties-verantwoordelike houding teenoor die omgewing te kan demonstreer; en*
- *grondige kennis van vog en sirkulasie in die atmosfeer, asook die vermoë om sleutelbegrippe, konsepte, feite, beginsels, reëls en teorieë te kan toepas.*

Praktiese Afdeling

- *Verduidelik en interpreteer die insameling en aanbieding van weerinligting oor sinoptiese kaarte, asook die oplossing van weerverskynsels.*

Metodologie:

- *Beplanning van 'n basiese Geografieles, met verwysing na die gebruik van toepaslike onderwysmedia, ten einde onderrig en leer te kan optimaliseer, bv. oorhoofse projektor, transparante, dataprojektor, plakkate en modelle.*

Method of delivery: Contact, Distance
Metode van aflewering: Kontak, Afstand

Methods of assessment:	Continuous assessment 50% and 1x3 hour written examination 50%
Assesseringsmetodes:	*Deurlopende assessering 50% en 1x3 uur skriftelike eksamen 50%*

Module code / *Modulekode*: **GEOE212**	Semester 1	NQF-level / *NKR-vlak*: 6

Title: Geography Education: Urban and Economic Geography
Titel: Geografie vir Onderwys: Stedelike en Ekonomiese Geografie

On completion of this module the student should be able to demonstrate*:*

- a detailed knowledge and thorough understanding of Urban and Economic Geography in line with the Policy document;
- the ability to identify relevant themes of Urban and Economic Geography and plan activities that support the coherent understanding of concepts, ideas, theories, principles and rules;
- the ability to display and to solve well-defined unknown problems within Urban and Economic Geography by rendering correct procedures and appropriate proof;
- the ability to design, plan and present the integration of assignments aimed at the teaching practice according to the Policy document and based on the social constructivist teaching learning theory; and
- the ability to conduct a town trial to apply the knowledge of urban geography.

Practical section:

- a detailed knowledge and understanding of skills in and insight into the uses of land or cities and apply this knowledge in practice.

Methodology:

- the ability to apply teaching theories in Geography teaching: Behaviourist and Social Constructivist approach in Geography;
- teaching and learning methods such as role-play, simulation games, use of newspapers and worksheets; and
- the ability to discuss and implement different teaching methods and to plan a basic micro-Geography lesson with reference to the use of different teaching methods, e.g. lecture methods, question and answer methods, simulation games, role play, use of newspapers and worksheets.

By voltooiing van hierdie module behoort die student die volgende te kan demonstreer:

- *grondige kennis en deeglike begrip aangaande Stedelike en Ekonomiese Geografie binne die konteks van die Beleidsdokument;*
- *die vermoë om toepaslike temas van Stedelike en Ekonomiese Geografie te kan identifiseer, asook om aktiwiteite te kan beplan wat die samehangende begrip van konsepte, idees, teorieë, beginsels en reëls ondersteun;*
- *die vermoë om bepaalde onbekende probleme binne Stedelike en Ekonomiese Geografie met behulp van korrekte prosedures en toepaslike bewyslewering uit te stal en op te los;*
- *die vermoë om die integrering van opdragte gemik op die onderrigproses, volgens die Beleidsdokument, en op grond van die sosiaal-konstruktivistiese leerteorie, te kan ontwerp, beplan en aanbied; en*
- *die vermoë om 'n dorpstoets uit te voer, ten einde kennis aangaande stedelike geografie te kan toepas.*

Praktiese afdeling:

- *grondige kennis en begrip aangaande vaardighede in, asook insig in die gebruike van grond of stede en om sodanige kennis in die praktyk te kan toepas.*

Metodologie:

- *die vermoë om onderrigteorieë in Geografie-onderrig aan te bied: Behavioristiese en Sosiaal-Konstruktivistiese benadering in Geografie;*
- *onderrig- en leermetodes soos rolspel, simulasiespeletjies, gebruik van koerante en werkkaarte; en*
- *vermoë om verskillende onderrigmetodes te bespreek en te implementeer en 'n basiese mikro Geografie-les te beplan met verwysing na die gebruik van verskillende onderrigmetodes, bv. lesingsmetodes, vraag- en antwoordmetodes, simulasiespeletjies, rolspel, gebruik van koerante en werkkaarte.*

Method of delivery: Contact, Distance
Metode van aflewering: Kontak, Afstand

Methods of assessment: Continuous assessment 50% and 1x3 hour written examination 50%
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50% en 1x3 uur skriftelike eksamen 50%

Module code / *Modulekode*: **GEOE222**	Semester 2	NQF-level / *NKR-vlak*: 6

Title: Geography Education: Introduction to Geomorphology and Oceanography
Titel: Geografie vir Onderwys: Inleiding tot Geomorfologie en Oseanografie

On completion of this module the student should be able to demonstrate*:*

- detailed knowledge related to Geomorphology and Oceanography within the context of the National Curriculum;
- detailed knowledge and thorough understanding of the internal and external powers that cause changes on earth and evaluate these in practice, be able to identify, define and effectively use concepts as well as demonstrate and illustrate these, with examples;
- the ability to analyse, assess, interpret and identify interrelationships of the basic principles relating to geomorphology and the ocean environment; and
- the ability to display and illustrate with practical examples a coherent and critical understanding of the influence of human activity on the geology and oceans.

Practical section:

- the ability to apply the detailed knowledge and skills to represent relief features, draw cross-section sketches and calculate and interpret gradient on topographic maps, and to integrate it in appropriate themes of geography.

Methodology:

- the ability to use contour models and field excursions to recognise landforms on the South African landscape;

- the ability to plan a basic Geography micro-lesson with reference to the use of different teaching methods, e.g. wall maps, globes, atlases, contour models/sand pit and field excursions.

By voltooiing van hierdie module behoort die student die volgende te kan demonstreer:

- *grondige kennis aangaande Geomorfologie en Oseanografie binne die konteks van die Nasionale Kurrikulum;*
- *grondige kennis en deeglike begrip aangaande die interne en eksterne kragte wat veranderinge op aarde veroorsaak, en om sodanige kennis in die praktyk te kan evalueer, identifiseer en beskryf, asook om konsepte doeltreffend te kan gebruik, sowel as om sodanige konsepte met behulp van voorbeelde te kan demonstreer en illustreer;*
- *die vermoë om interverwantskappe tussen die basiese beginsels aangaande Geomorfologie en die oseaanomgewing te kan analiseer, assesseer, interpreteer en identifiseer; en*
- *die vermoë om met behulp van praktiese voorbeelde 'n samehangende en kritiese begrip aangaande die invloed van menslike optrede op geologie en die oseaan te kan weergee en illustreer.*

Praktiese afdeling:

- *Die vermoë om grondige kennis en vaardighede te kan toepas, ten einde reliëfeienskappe te kan uitbeeld, dwarsdeursneesketse te kan teken en hellingshoeke op topografiese kaarte te kan bereken en interpreteer, asook om dit by toepaslike geografietemas te kan integreer.*

Metodologie:

- *die vermoë om kontoermodelle en veldekskursies te kan gebruik, ten einde grondvorme in die Suid-Afrikaanse landskap te kan herken; en*
- *die vermoë om 'n basiese Geografie-mikroles te beplan met verwysing na die gebruik van verskillende onderrigmetodes, bv. muurkaarte, aardbol, atlasse, kontoermodelle/sandput en velduitstappies.*

Method of delivery: Contact, Distance
Metode van aflewering: Kontak, Afstand

Methods of assessment: Continuous assessment 50% and 1x3 hour written examination 50%
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50% en 1x3 uur skriftelike eksamen 50%

Module code / *Modulekode*: **GEOE312**	Semester 1	NQF-level / *NKR-vlak*: 6

Title: Geography Education: Population and Development Geography
Titel: Geografie vir Onderwys: Bevolkings- en Ontwikkelingsgeografie

On completion of this module the student should be able to demonstrate*:*

- integrated knowledge and understanding of and an ability to apply and evaluate Population and Development Geography's terms, rules, concepts, principles and theories as well as the ability to represent new knowledge onto a given body of theory;
- an ability to deal with unfamiliar concrete and abstract problems and issues in Population and Development Geography using evidence-based solutions and theory-driven arguments to present and communicate information in a well-structured argument and use personal ideas and opinions on themes related to Population and Development Geography;
- understanding of contested knowledge and understanding of major teaching-learning theories and related direct, indirect, independent and interactive learning strategies in Geography Education;
- a thorough knowledge, skills and understanding of Population and Development Geography in the context of the Curriculum and Assessment Policy Statement (CAPS);
- an ability to design, plan and present Geography lesson plans to foster learner-centred instruction in Geography classrooms; and
- act in an ethically correct and value-driven manner in all operational circumstances and forms of communication, either in writing or orally.

Practical section:

- integrated knowledge, skills and understanding of aerial photographs, interpretation and the use of stereoscopes and stereo-pairs in practice.

Methodology:

- the competency to plan and implement independent and interactive learning strategies (problem-based learning, Inquiry-based learning, cooperative learning, case studies, resource-based learning) in Geography education; and
- act as a facilitator or tutor in the independent and interactive learning environments (problem-based learning, Inquiry-based learning, cooperative learning, case studies, resource-based learning) in order to solve a contextual problem, monitoring the progress of the group and taking responsibility for task outcomes and application of appropriate resources where appropriate.

By voltooiing van hierdie module behoort die student die volgende te kan demonstreer:

- *geïntegreerde kennis en begrip aangaande, asook die vermoë om Bevolkings- en Ontwikkelingsgeografie se terminologie, reëls, konsepte, beginsels en teorieë te kan toepas en evalueer, sowel as die vermoë om nuwe kennis by gegewe teorie-inhoud te kan voorstel;*
- *die vermoë om onbekende konkrete en abstrakte probleme en kwessies in Bevolkings- en Ontwikkelingsgeografie te kan hanteer deur bewysgebaseerde oplossings en teoriegedrewe beredenering te kan gebruik, ten einde inligting op 'n goedgestruktureerde wyse te kan aanbied en kommunikeer, asook om persoonlike idees en menings aangaande toepaslike Bevolkings- en Ontwikkelingsgeografietemas te kan gebruik;*
- *begrip van betwiste kennis en van belangrike onderrig-leerteorieë en verwante direkte, indirekte, onafhanklike en interaktiewe leerstrategieë in Geografie-onderwys;*
- *'n deeglike kennis aangaande, vaardighede en begrip ten opsigte van Bevolkings- en Ontwikkelingsgeografie binne die konteks van die Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV);*

- *die vermoë om Geografielesplanne te kan ontwerp, beplan en aanbied, ten einde leerdergesentreerde onderrig in die Geografieklaskamer te kan bevorder; en*
- *op ŉ eties-korrekte en waarde-gedrewe wyse optree, onder alle operasionele omstandighede en binne alle kommunikasievorme, skriftelik of mondelings.*

Praktiese afdeling:

- *geïntegreerde kennis, vaardighede en begrip aangaande lugfoto's, die interpretasie en gebruik van stereoskope en stereopare in die praktyk.*

Metodologie:

- *die bevoegdheid om onafhanklike en interaktiewe leerstrategieë (probleemgebaseerde leer, navraaggebaseerde leer, koöperatiewe leer, gevallestudies, hulpbrongebaseerde leer) in Geografie-onderwys te beplan en te implementeer; en*
- *as fasiliteerder of tutor in die onafhanklike en interaktiewe leeromgewings (probleemgebaseerde leer, navraaggebaseerde leer, koöperatiewe leer, gevallestudies, hulpbrongebaseerde leer) optree, ten einde 'n kontekstuele probleem op te los, die vordering van die groep te moniteer en verantwoordelikheid vir taakuitkomste en toepaslike hulpbronne te neem, waar toepaslik.*

Method of delivery: Contact, Distance
Metode van aflewering: Kontak, Afstand

Methods of assessment: Continuous assessment 50% and 1x3 hour written examination 50%
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50% en 1x3 uur skriftelike eksamen 50%

Module code / *Modulekode*: **GEOE322**	Semester 2	NQF-level / *NKR-vlak*: 7

Title: Geography Education: Advanced Geomorphology
Titel: Geografie vir Onderwys: Gevorderde Geomorfologie

On completion of this module the student should be able to demonstrate:

- a detailed knowledge and insight regarding the concepts and the application possibilities of Southern and South Africa's Geological complex history and resulting landscapes, soils and hydrology, within the global context;
- an ability to analyse land forms and landscapes, which reflect the environmental conditions over time during their origin as well as change over time, and evaluate these within the geological time context;
- the ability to discuss and critically evaluate the conditions which lead to the global geologic phenomena with specific reference to the Southern & South Africa context; and
- an ability to work with other individuals in group context in an ethically accountable and responsible manner during the solving of problems characteristic of the learning contents of this module, and should undertake small scale research regarding relevant subjects as expressed in the module.

Practical section:

- a well-rounded, systematic knowledge, skills, comprehension and sound understanding of interpreting the Vredefort Dome phenomena (this includes a Field Excursion and an comprehensive practical application portfolio as well as to demonstrate the methodology principles of fieldwork as a teaching strategy in Geography).

Methodology:

- the competency to design appropriate learning experiences, worksheets, assessment rubrics, tests/exams and memoranda pertaining to synoptic weather charts, graphs and diagrams, topographic charts and aerial photographs in accordance with geographical-methodology principles;
- the application of ethical-professional values in learning experience design and practical teaching.

By voltooiing van hierdie module behoort die student die volgende te kan demonstreer:

- *grondige kennis en insig aangaande die konsepte en toepassingsmoontlikhede van die Suidelike en Suid-Afrika se ingewikkelde Geologiese geskiedenis en gevolglike landskappe, grondtipes en hidrologie, binne die globale konteks;*
- *die vermoë om grondvorme en landskappe, wat die omgewingstoestande vanaf die ontstaan daarvan, sowel as veranderinge daaraan met die verloop van tyd weerspieël, te kan analiseer, asook om dit binne die geologiese tydskonteks te kan evalueer;*
- *die vermoë om die omstandighede wat tot globale geologiese verskynsels aanleiding gegee het, te kan bespreek en krities te kan evalueer, met spesifieke verwysing na die Suidelike en Suid-Afrikaanse konteks; en*
- *die vermoë om op ŉ eties-verantwoordbare en verantwoordelike wyse met ander in ŉ groepkonteks te kan saamwerk tydens die oplossing van probleme eie aan hierdie module se leerinhoud, asook om kleinskaalse navorsing aangaande toepaslike temas binne die module te kan onderneem.*

Praktiese afdeling:

- *grondige, sistematiese kennis en begrip aangaande die interpretering van die Vredefort-koepelverskynsel (dit sluit ŉ veldekskursie en ŉ praktiese toepassingsportefeulje, sowel as die vermoë om die metodologiese beginsels van veldwerk as onderrigstrategie in Geografie te kan demonstreer, in).*

Metodologie:

- *die bevoegdheid om toepaslike leerervarings, werkstate, assesseringsrubrieke, toetse/eksamens en memorandums met betrekking tot sinoptiese weerkaarte, grafieke en diagramme, topografiese kaarte en lugfoto's, volgens geografies-metodologiese beginsels te kan ontwerp; en*
- *die toepassing van eties-professionele waardes binne leerervaringsontwerp en praktiese onderrig.*

Method of delivery: Contact, Distance
Metode van aflewering: Kontak, Afstand

Methods of assessment: Continuous assessment 50% and 1x3 hour written examination 50%
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50% en 1x3 uur skriftelike eksamen 50%

Module code / *Modulekode*: **GEOE411**	Semester 1	NQF-level / *NKR-vlak*: 7

Title: Geography Education: Urban and Environmental Geography
Titel: Geografie vir Onderwys: Stedelike en Omgewingsgeografie

On completion of this module the student should be able to demonstrate*:*

- integrated knowledge and understanding of and an ability to apply and evaluate terms, rules, concepts, principles and theories in Urban and Environmental Geography and show the ability to apply detailed knowledge within a given field;
- deal with unknown, concrete and abstract problems and issues in Urban and Environmental Geography by using evidence-based solutions and arguments that are theory-driven, and convey information, and personal ideas and meanings on topics in Urban and Environmental Geography in a well-structured argument;
- integrated knowledge and understanding to apply and evaluate major teaching-learning theories and related direct, indirect, independent and interactive learning strategies in Geography Education;
- the skill of explaining and analysing themes relevant to Urban and Environmental Geography and plan individual or group activities supporting the coherent understanding of concepts, ideas, theories, principles and rules to communicate the information;
- integrate knowledge of Urban and Environmental Geography within the context of the Curriculum and Assessment Policy Statement (CAPS);
- work together in a group with other individuals in an ethical and responsible way while solving problems inherent to the learning content of this module; and
- an understanding of the basic practices of and an ability to apply and evaluate assessment in Geography education.

Practical section:

- integrated knowledge and understanding of and an ability to apply quantitative calculations to sets of data and quantitative map techniques to present data visually in practice.

Methodology:

- integrated knowledge and understanding to apply assessment of, for and as learning in Geography education;
- use the CAPS document and Subject Assessment Guidelines (SAG) to prepare assessment opportunities for Grade 10, 11 and 12 learners by demonstrating detailed knowledge of a programme of assessment for a work schedule;
- act as assessor by using different assessment strategies and methods to effectively foster effective teaching-learning in Geography education; and
- integrated knowledge and understanding of geography classroom administration.

By voltooiing van hierdie module behoort die student die volgende te kan demonstreer:

- *geïntegreerde kennis en begrip aangaande, en die vermoë om terminologie, reëls, konsepte, beginsels en teorieë ten opsigte van Stedelike en Omgewingsgeografie te kan toepas en evalueer, asook om grondige kennis binne ŉ gegewe veld te kan demonstreer;*
- *hantering van onbekende, konkrete en abstrakte probleme en kwessies aangaande Stedelike en Omgewingsgeografie deur bewys-gebaseerde oplossings en teorie-gedrewe beredenering te kan gebruik, asook om inligting en persoonlike idees en menings aangaande Stedelike en Omgewingsgeografie met behulp van goedgestruktureerde beredenering te kan oordra;*
- *geïntegreerde kennis en begrip, ten einde belangrike onderrig-leerteorieë en verwante direkte, indirekte, onafhanklike en interaktiewe leerstrategieë in Geografie-onderwys te kan toepas en evalueer;*
- *die vaardigheid om toepaslike temas aangaande Stedelike en Omgewingsgeografie te kan verduidelik en analiseer, asook om individuele of groepsaktiwiteite ter ondersteuning van die samehangende begrip van konsepte, idees, teorieë, beginsels en reëls, ten einde inligting te kommunikeer, te kan beplan;*
- *integrering van kennis aangaande Stedelike en Omgewingsgeografie binne die konteks van die Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV);*
- *samewerking in ŉ groep saam met ander op ŉ etiese en verantwoordelike wyse, asook om probleme eie aan die leerinhoud van hierdie module te kan oplos; en*
- *begrip aangaande die basiese praktyke ten opsigte van, asook die vermoë om assessering binne Geografie-onderwys te kan toepas en evalueer.*

Praktiese afdeling:

- *geïntegreerde kennis en begrip aangaande, asook die vermoë om kwantitatiewe berekenings en karteringstegnieke te kan toepas, ten einde data visueel in die praktyk te kan aanbied.*

Metodologie:

- *• geïntegreerde kennis en begrip om assessering van, vir en as leer in Geografie-onderwys toe te pas;*
- *gebruik van die KABV-dokument en Vakassesseringsriglyne (VAR), ten einde assesseringsgeleenthede vir Graad 10, 11 en 12-leerders te kan voorberei, deur grondige kennis aangaande ŉ assesseringsprogram vir ŉ werkskedule te kan demonstreer; en*
- *optrede as assessor deur verskillende assesseringstrategieë en -metodes doeltreffend te kan gebruik, ten einde doeltreffende onderrig-leer te kan bevorder.*

Method of delivery: Contact, Distance
Metode van aflewering: Kontak, Afstand

Methods of assessment:	Continuous assessment 50% and 1x3 hour written examination 50%
Assesseringsmetodes:	*Deurlopende assessering 50% en 1x3 uur skriftelike eksamen 50%*

Module code / *Modulekode*: **GEOE421**	Semester 2	NQF-level / *NKR-vlak*: 7

Title: Geography Education: Advanced Climatology
Titel: Geografie vir Onderwys: Gevorderde Klimatologie

On completion of this module the student should be able to demonstrate*:*

- a detailed knowledge and insight regarding concepts and the application possibilities of Southern & South Africa's Climatic history and resulting weather conditions;
- a systematic knowledge of advanced climatological phenomena on a global and South African context;
- the ability to analyse climatic phenomena, which reflect the environmental conditions over time;
- the ability to discuss and critically evaluate the conditions which lead to the global climatic phenomena;
- the ability to work with other individuals in group context in an ethically accountable and responsible manner during the solving of problems characteristic of the learning contents of this module, and should undertake small scale research regarding relevant subjects as expressed in the module;

Practical section:

- a fundamental knowledge, skills, understanding and insight of Map projections and GIS as well as be able to apply it in practice by using ArcGIS/ArcView in a GIS Laboratory; and
- ability to operate effectively on GIS software, such as data capturing, data manipulation, data integration, buffering, querying and statistical analysis, to explore geographical phenomena and solve geographical problems.

Methodology:

- exhaustive knowledge and applicable skills employed in the design, implementation and demonstration of advanced Geography lessons and more specifically map work; and
- an understanding of the various teaching approaches concerning Geography and subsequently evaluate these for the purpose of implementing the correct approach to learning experiences and to creatively and effectively employ and elucidate appropriate teaching aids in practice.

By voltooiing van hierdie module behoort die student die volgende te kan demonstreer:

- *grondige begrip en insig aangaande konsepte, asook die toepassingsmoontlikhede van Suidelike en Suid-Afrikaanse klimaatsgeskiedenis en gevolglike weersomstandighede;*
- *sistematiese kennis aangaande gevorderde klimatologiese verskynsels binne die globale en Suid-Afrikaanse kontekste;*
- *die vermoë om klimaatsverskynsels wat omgewingstoestande met die verloop van tyd weerspieël, te kan analiseer;*
- *die vermoë om die toestande wat tot globale klimaatsverskynsels aanleiding gee, te kan bespreek en krities te kan evalueer; en*
- *die vermoë om op 'n eties-verantwoordbare en verantwoordelike wyse met ander binne 'n groepkonteks te kan saamwerk tydens die oplos van probleme eie aan hierdie module se leerinhoud, asook om kleinskaalse navorsing aangaande toepaslike temas binne die module te kan onderneem.*

Praktiese afdeling:

- *fundamentele kennis, begrip en insig aangaande Kaartprojeksies en GIS, sowel as die vermoë om dit in die praktyk te kan toepas deur ArcGIS/ArcView in 'n GIS-Laboratorium te kan gebruik; en*
- *die vermoë om effektief te werk op GIS-sagteware, soos data-insameling, data manipulasie, data-integrasie, buffer, navraag en statistiese analise, ten einde geografiese verskynsels te ondersoek en geografiese probleme op te los.*

Metodologie:

- *uitgebreide kennis en toepaslike vaardighede vir gebruik by die ontwerp, implementering en demonstrasie van gevorderde Geografielesse, wat spesifiek karteringswerk betref; en*
- *begrip van die verskillende leerbenaderings aangaande Geografie te kan demonstreer en vervolgens te kan evalueer, met die doel om die korrekte benadering ten opsigte van leerervarings te kan implementeer, asook om toepaslike onderrighulpmiddels skeppend en doeltreffend in die praktyk te kan aanwend en toelig.*

Method of delivery: Contact, Distance
Metode van aflewering: Kontak, Afstand

Methods of assessment: Continuous assessment 50% and 1x3 hour written examination 50%
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50% en 1x3 uur skriftelike eksamen 50%

Module code / *Modulekode*: **GEOS211**	Semester 1	NQF-level / *NKR-vlak*: 6

Title: Geography: Human and Physical Geography for the Senior Phase
Titel: Geografie: Menslike en Fisiese Geografie vir die Seniorfase

On completion of this module the student should be able to demonstrate*:*

- demonstrate detailed knowledge of the location, political distribution, physical characteristics and economic trends of the Republic of South Africa;
- have an extended knowledge and comprehension of the general concepts in population geography; make correct analyses and demonstrate an ability to develop meaningful interpretations within this area;
- demonstrate fundamental knowledge of climate and vegetation on a global scale;
- have extended knowledge and comprehension of the general surface forces that shape the earth – earthquakes, volcanoes and floods; and
- demonstrate the ability to apply gained knowledge with an ethically responsible attitude towards South Africa and its people.

Practical:

- students must demonstrate a thorough knowledge, skills, and understanding of map work.

By voltooiing van hierdie module behoort die student die volgende te kan demonstreer:

- *grondige kennis aangaande die ligging, politieke verspreiding, fisiese kenmerke en ekonomiese tendense in die Republiek van Suid-Afrika te kan demonstreer;*
- *oor uitgebreide kennis en begrip aangaande die algemene konsepte in bevolkingsgeografie te kan beskik, korrekte analises te kan maak en die vermoë te kan demonstreer om betekenisvolle interpretasies binne hierdie veld te kan ontwikkel;*
- *Fundamentele kennis aangaande klimaat en plantegroei op 'n globale skaal te kan demonstreer;*
- *oor uitgebreide kennis en begrip aangaande algemene oppervlakkragte wat die aarde vorm – aardbewings, vulkane en vloede – te kan beskik; en*
- *verworwe kennis met 'n eties-verantwoordelike houding teenoor Suid-Afrika en die nasie te kan demonstreer.*

Prakties:

- *studente behoort 'n deeglike kennis, vaardighede en begrip aangaande karteringswerk te kan demonstreer.*

Method of delivery: Contact, Distance
Metode van aflewering: Kontak, Afstand

Methods of assessment: Continuous assessment 50% and 1x1½ hour written examination 50%
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50% en 1x1½ uur skriftelike eksamen 50%

Module code / *Modulekode*: **HISE112**	Semester 1	NQF-level / *NKR-vlak*: 5

Title: History for Education: Aspects of Euro-Asian History (9th to 19th Century)
Titel: Onderwysgeskiedenis: Aspekte van Euro-Asiatiese Geskiedenis (9de tot 19de Eeu)

On completion of this module the student should be able to demonstrate:

- knowledge and informed understanding of Euro-Asian History (9th – 19th century) within the context of the Curriculum and Assessment Policy Statement (CAPS);
- the skill of scrutinizing primary and secondary sources by differentiating between, tracing and effectively interpreting different historical sources in order to communicate these verbally or in writing;
- competency in problem-solving abilities to address political, social and economic issues within the context of Euro-Asian History (9th – 19th century);
- knowledge and skills in learning and teaching methodology of History, produce and use LTSM, apply learning and teaching techniques and strategies as well as assessment methodology in lesson presentation; and
